

Gereformeerde Kerk Bellville – 26 Julie 2015 – oggend

Sing vooraf staande: Psalm 43:3, 5 (p. 220)

- 3 Send, HEER, uit hemelse geweste / u lig en waarheid neer op my!
Laat dié my bring na Sions veste, / want daar is 't my die allerbeste,
waar ek, u woning ingelei, / my in u diens verbly.
- 5 My siel, wat treur jy nog verslae / en is onrustig in jou lot?
Berus slegs in Gods welbehae; / strek uit jou hoop na beter dae.
Verrys, herleef op sy gebod – / my redder is my God!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 89:1, 2 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 2 Ek het my trouverbond, so het die HEER gespreek, / met Dawid opgerig, en sal dit nooit verbreek.
Uit vrye guns sal dit My nimmermeer berou nie, / niks die vervulling van my eed aan hom weerhou nie:
Jou nageslag, o vors, bevestig Ek vir ewig, / jou rykstroon bou Ek op, van kind tot kind gestewig.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Skrifberyming 12-2:4, 5

- 4 Ek geloof, met stille^oaanbidding, / in die Heil'ge Gees wat my / in my sondedood gewek het,
my as Trooster leer en lei. / Ek geloof 'n heil'ge eenheid, / wêreldwyd, in Christus een,
wat sy roepstem sal vergader, / deur die lange eeue heen.
- 5 Ek geloof aan die gemeenskap / heilige verbintenis / van wie almal saam 'n eenheid,
in hul Heer een liggaam is. Ek geloof die skuldvergewing, / weeropstanding van die vlees,
en 'n lewe^oin ewege duurte, / as die dood nie meer sal wees.

Gebed

Psalm 62:1, 4 (p. 301)

- 1 Gewis, my siel is stil tot God! / My redding kom op sy gebod,
geen vyand hoef ek nou te dug nie. / Hy is my rots, 'n skans vir my,
Hy sal my voetstap ook dán lei / wanneer ek nêrens meer kan vlug nie.
- 4 Maar jy, my siel, swyg stil voor God, / beskikker van jou lewe^oen lot,
wat nooit sy woord ontrou sal wees nie. / God is my rots, 'n skans vir my,
Hy sal my voetstap veilig lei, / ek hoef geen wankeling te vrees nie.

Skriflesing: Handeling 13:13-52; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, Artikel 9

Kernvers: Handeling 13:48

En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe. (Handeling 13:48 AFR53)

Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 1, Artikel 9

Hierdie uitverkiesing het nie op grond van 'n vooruitgesiene geloof, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid of enige ander goeie hoedanigheid of ooreenkoms tot stand gekom asof dit as rede of voorwaarde vir die uitverkiesing van die mens vereis is nie. Die uitverkiesing is immers die oorsaak van geloof en geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, ens. Daarom is die uitverkiesing die bron van alle saligheid waaruit geloof, heiligheid en al die ander saligmakende gawes en uiteindelik die ewige lewe self, as vrugte en gevolge daarvan vloei. Die apostel getuig immers: Om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees (Efes 1:4), en nie omdat ons alreeds so was nie.

Tema: Die verband tussen die uitverkiesing en geloof

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, verlede Sondag het die Heilige Gees ons daarop gewys dat God se ewige besluit aangaande sy uitverkorenes vas en bindend is. Vanuit Romeine 8 het ons gesien dat God die uitverkorenes **uitverkies het tot die genade sowel as tot die heerlikheid, tot die saligheid sowel as tot die weg van die saligheid wat Hy voorberei het, sodat** die uitverkorenes **daarin kan wandel**. Om dit nog enigsins duideliker te maak: God het in die ewigheid 'n besluit geneem om persoon A lief te hê en om hom gelykvormig te maak aan die beeld van sy Seun. Daarom roep God vir persoon A deur middel van die evangelie tot gemeenskap met Christus. Deur die kragtige werk van die Heilige Gees kom daar nuwe lewe in persoon A. Hy reageer op die roepstem van God en stel sy vertrouwe ten volle in Jesus Christus. Verder verklaar God persoon A ook regverdig op grond van Christus se verlossingswerk vir hom. En langs die weg van heiligmaking wat bestaan uit die daaglikse bekering begelei die Heilige Gees vir persoon A tot by die punt waar God hom verheerlik, sodat God Homself kan verheerlik.

Wanneer God dus in die ewigheid 'n besluit oor watter mens ook al geneem het, sal God daardie besluit van A tot Z volledig uitvoer. Dit maak dus nie saak wat in hierdie wêreld gebeur nie, God laat alles meewerk sodat sy uitverkorene uiteindelik verheerlik word, en sodat God self daardeur verheerlik word.

Dit is op grond van hierdie vaste en ewige besluit van God dat ons in artikel 8 bely dat die uitverkiesing nie veelsoortig is soos wat die Remonstrante beweer het nie. Wanneer die Remonstrante van 'n veelsoortige uitverkiesing praat, moet 'n mens nogal kophou om hulle te begryp. Hulle praat van 'n algemene uitverkiesing en van 'n besondere uitverkiesing. Die besondere uitverkiesing verdeel hulle weer in twee dele, maar ons gaan nie nou weer daarna kyk nie (sien Groen Psalmboek, VD 1:2 op bladsy 81 van die Belydenisskrifte).

Met die algemene uitverkiesing het die Remonstrante die volgende bedoel: **Die welbehae en voorneme van God, waarvan die Skrif in die leer van die uitverkiesing melding maak, bestaan nie daarin dat God sekere bepaalde mense bo ander uitverkies het nie. Dit bestaan daarin dat God uit alle moontlike voorwaardes – soos byvoorbeeld die werke van die wet – of uit die orde van alle dinge die wesenlik onverdienstelike daad van die geloof en die onvolmaakte gehoorsaamheid daaraan tot 'n voorwaarde vir die saligheid gekies het** (VD 1:3, p 82 Groen Psalmboek).

Hoor u wat die Remonstrante sê? God het nie 'n sekere aantal mense uitverkies nie. God het uit alle moontlike voorwaardes geloof as voorwaarde gekies om mense salig te maak. Dit wil sê, so sê die Remonstrante, God het vooruit gekyk en Hy het gesien watter mense in Jesus sal glo. Daardie geloof wat God vooruitgesien het by hierdie mense het dan veroorsaak dat God hulle uitverkies het. Dit staan presies net so in hulle dwaling: **Die hele en volledige besluit van die uitverkiesing tot saligheid is God se wil om daardie**

mense salig te maak wat nog sal glo en in die geloof en geloofsgehoorsaamheid sal volhard (VD 1:1, p. 81 Groen Psalmboek).

Omdat die Remonstrante die uitverkiesing vanuit die mens se oogpunt wil verklaar, is dit vir hulle logies dat die mens oor een of ander eienskap moes beskik sodat God juis daardie mens uitverkies het. En die eienskap wat vir hulle logies lyk, is geloof en geloofsgehoorsaamheid en uiteindelik ook die volharding daarin. Geloof gee dus, volgens hulle, aanleiding tot God se besluit om uit te verkies.

In artikel 10 bely ons wat die eintlike oorsaak van die uitverkiesing is, maar hier in artikel 9 bely ons dan wat die verhouding tussen uitverkiesing en geloof is. In die eerste sin bely ons hoe die verhouding nie is nie. ***Hierdie uitverkiesing het nie op grond van 'n vooruitgesiene geloof, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid of enige ander goeie hoedanigheid of ooreenkoms tot stand gekom asof dit as rede of voorwaarde vir die uitverkiesing van die mens vereis is nie.***

Vanaf die tweede sin bely ons hoe die verhouding wel is. ***Die uitverkiesing is immers die oorsaak van geloof en geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, ens. Daarom is die uitverkiesing die bron van alle saligheid waaruit geloof, heiligheid en al die ander saligmakende gawes en uiteindelik die ewige lewe self, as vrugte en gevolge daarvan vloei.***

Broers, susters en kinders, kom ons kyk wat die Here self aangaande die verhouding tussen uitverkiesing en geloof sê. In ons kernvers sê die Here dit baie duidelik:

En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe. (Handelinge 13:48 AFR53)

Wat die Here ook al doen, doen Hy sodat mense kan sien en weet dat Hy die Here is. Hy doen dit dus om Homself te verheerlik. Ons het dit in Romeine 8 gesien. God het mense uitverkies en Hy verlos hulle en verheerlik hulle uiteindelik, sodat sy Seun verheerlik kan wees onder baie broeders. Aangesien die Here alles doen om Homself te verheerlik, moet gelowiges se werke en woorde ook daarop gerig wees om God te verheerlik. Almal wat ons sien en hoor, moet te wete kom dat God die Here is.

Daarom het God ook die mens in die begin na sy beeld geskep. Die sondeval van die mens het egter veroorsaak dat die beeld van God in die mens aan skerwe is. 'n Mens sien nog beswaarlik iets van die ware geregtigheid en heiligheid waarin die mens geskep is. Maar omdat God besluit het om Homself deur mense te verheerlik, het Hy in die ewigheid die verlossing van mense beplan. Hy sal gevalle Adamskinders weer gelykvormig maak aan die beeld van sy Seun sodat almal kan weet dat Hy die Here is. Wanneer ons dan die evangelie aan gelowige en ongelowige mense verkondig, doen ons dit sodat die Heilige Gees met die Woord die nuwe lewe kan opwek en versterk. Want deur die nuwe lewe in mense word God uiteindelik verheerlik.

Nou weet ons egter dat God net 'n sekere aantal mense in die ewigheid uitverkies het aan wie die Heilige Gees die nuwe lewe skenk en in wie Hy dit versterk. Hierdie leer van die uitverkiesing word regdeur die Bybel aan ons geopenbaar. Paulus het selfs sy preek in Antiogië in Pisidië melding gemaak van hierdie uitverkiesing van God.

Die God van hierdie volk Israel het ons vaders uitverkies.
(Handelinge 13:17 AFR53)

Toe Paulus op sy tweede sendingreis was, het hy in Korinte aangekom, maar hy was bang. In 'n gesig het die Here vir Paulus gesê:

Wees nie bevrees nie, maar spreek en moenie swyg nie; want Ek is met jou, en niemand sal die hand aan jou slaan om jou kwaad aan te doen nie, want Ek het baie mense in hierdie stad. (Handelinge 18:9-10 AFR53)

Paulus het hierdie mense nog nie gesien nie en boonop was hulle nog heidene. Maar hulle was uitverkorenes van God en God het hulle geken, daarom moes Paulus voortgaan met die verkondiging sodat die Heilige Gees hulle deur die evangelie kon red.

Ook in ons kernvers praat die Heilige Gees van die uitverkorenes van God: **daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe.** Ons moet hierdie woorde lees en verstaan soos wat die Heilige Gees dit vir ons gee. Hier staan nie geskryf: *almal wat geglo het, is verordineer tot die ewige lewe*, nie. Dit is wat die dwaalleer van die Remonstrante sê. Laat ons mooi oplet na die woorde in vers 48. Almal wat tot die ewige lewe verordineer is, het gelowig geword. In die ewigheid het God mense uitverkies ongeag in watter tyd hulle lewe of in watter land. Hy het nie hulle verstandelike vermoë in ag geneem nie. Die toestand van hulle hart was in elk geval nie iets om na te kyk nie, want hulle harte was geestelik dood. Maar omdat God hulle uitverkies het, het die Heilige Gees die geloof in hulle opgewek deur middel van die evangelie wat Paulus verkondig het.

As 'n mens van die standpunt af uitgaan dat die verlossing van die mense se keuse afhanklik is, het jy geen waarborg dat hulle na die evangelie gaan luister en uit eie wil kies om hulle vertrouwe in Christus te stel nie. Inteendeel, die enigste waarborg wat 'n mens het is dat hulle nie gaan luister nie, want niemand soek uit vrye wil na God nie (Rom 3:11). As Paulus sou staat maak op die goeie gesindheid van mense om die evangelie te hoor, sou hy glad nie die evangelie van Jesus verkondig het nie. Voordat hy in Antiogië gekom het, het hy al keer op keer beleef hoe mense die evangelie van Christus teenstaan. Maar omdat hy oortuig was dat die almagtige, ewige God mense uitverkies het, het hy met oorgawe die evangelie verkondig. God sal sy besluit uitvoer en Hy is by magte om nuwe lewe in dooie sondaarsharte op te wek, want Hy wil en sal Homself verheerlik deur die mense wat Hy verlos.

Ons sien dit ook by hierdie heidene in ons kernvers. Toe hulle hoor wat Paulus sê, was hulle bly en hulle het die Woord van die Here geprys. Aan die einde van die hoofstuk sê Lukas weer dat die dissipels met blydschap vervul was. Sondaars wat deur die genade van God verlos is, is ook met blydschap vir die verlossing vervul. Hulle verheerlik die Here oor sy goedheid en liefde. Hulle kan nie stilbly oor die Here se groot werk nie. En dit is nie net mense wat maar onlangs tot geloof gekom het wat so maak nie. Gelowiges wat al 'n tyd lank gegroei het in hulle geloof kan ook nie anders nie as om die Here te loof en te prys. Paulus is 'n sprekende voorbeeld daarvan. Hy begin die brief aan die Efesiërs uit volle bors met 'n loflied aan die Here.

Is dank en lof aan die Here nog deel van ons lewe en gebede, geliefdes? Word ons lewe nog gekenmerk deur blydschap oor die genade wat die Here aan ons bewys het? As lof en dank nie meer deel van 'n gelowige se lewe is nie, beteken dit dat hy nie meer groei in sy verhouding met die Here nie. Wie groei in sy verhouding met die Here sal elke dag nuwe stof kry om die Here te loof. As daar nie lof en dank in 'n mens se lewe is nie, kan dit ook wees omdat die mens van die standpunt af uitgegaan het dat hy self vir die Here gekies het en nou is hy spyt, want hy het nie uit hierdie verhouding gekry wat hy verwag nie. Dit is slegs mense aan wie die Heilige Gees die geloof gee omdat hulle uitverkies is en wie se geloof aanhoudend deur die Gees versterk word wie se lewe deur blydschap gekenmerk word.

Juis omdat God Homself wil verheerlik deur die mense wat Hy verlos, is dit noodsaaklik dat ons gehoorsaam aan die Here sal aanhou om die evangelie te verkondig. 'n Mens kan dit amper nie glo nie, maar daar is mense wat meen dat dit nie nodig is om die evangelie te verkondig nie. Hulle sê: Aangesien God mense uitverkies het tot die saligheid, sal Hy hulle verlos, kom wat wil. Daarom, sê hulle, is dit nie nodig om die evangelie te verkondig nie. Dit wil voorkom asof daar lidmate is wat ook so dink. Hulle het nie meer nodig om die verkondiging van die evangelie te hoor nie, daarom kan hulle maar net so af en toe in 'n erediens kom. Ons moenie slimmer as die Here wil wees nie. Hy het besluit dat sy Woord die middel sal wees waarmee die Heilige Gees die nuwe lewe in mense sal opwek en die nuwe lewe in gelowiges sal versterk. Daarom kan en mag ons nie wat die Here saamgevoeg het, skei nie. Die evangelie wat ons moet verkondig is die Woord van God.

Wat ons verkondig is nie die uitvindsel van mense nie. Die Bybel is nie die nadenke van mense oor God en hoe 'n mens jou saak met God kan regmaak nie. Twee maal verwys Lukas na die verkondiging van Paulus as die Woord van God (Hand 13:44, 46) en twee maal verwys Hy daarna as die genade van God (Hand 13:48, 49). Die Bybel is dus nie mense se vertellings van God nie. Dit is God self wat aan die woord is en vertel wat Hy doen om mense te verlos. En die kern van die Bybel is Jesus Christus en dit wat God in en deur Jesus Christus gedoen het. In Christus het Hy 'n sekere aantal mense uitverkies. In die ewigheid het Hy Christus as Hoof en Verlosser van die uitverkorenes gestel, want Hy is die enigste Een wat aan God se regverdige eis kon voldoen om mense te verlos.

Die leer van die uitverkiesing wat die Heilige Gees aan ons verkondig en die wyse waarop God hierdie besluit van Hom uitvoer, naamlik deur Jesus Christus, is nie iets wat mense sou uitdink nie. Van nature is die mens trots en wil self sy dinge doen. Die Woord van God trek die mat onder die mens se trots uit. God alleen bewerk die verlossing van A tot Z in en deur Jesus Christus. En die geloof dan, vra mense graag, dra ons geloof nie by tot ons verlossing nie? Nee, want die geloof het nie uit jouself gekom nie. Geloof is nie 'n mens se werk en prestasie nie. Geloof is God se geskenk aan sy uitverkorenes. Geloof is die geskenk waarmee die Here vir ons sê: Nou hou jy op en aanvaar wat my Seun in jou plek gedoen het.

'n Mens moet dit darem tot krediet van die Remonstrante gee – hulle het raakgesien dat daar 'n verband tussen uitverkiesing en geloof is. Daar is egter mense wat geen verband tussen die uitverkiesing en geloof sien nie. Nog erger, baie mense wil niks van die uitverkiesing eers weet nie. Na hulle mening bestaan daar nie so iets nie. En wat nog meer bedroewend is, is die feit daar ook mense is wat meen dat geloof ook nie noodsaaklik is om die ewige lewe te verkry nie. Jy moet maar net in 'n stadium jou hart vir die Here gegee het, dan is alles reg.

Ons bely egter dat wanneer 'n mens geloof of enige ander hoedanigheid van die mens die rede of voorwaarde maak vir die uitverkiesing, word die saak op sy kop gekeer. Dit is nie die geloof van die mens wat die uitverkiesing veroorsaak nie. Die uitverkiesing van die mens veroorsaak dat hy begin glo en volhard in die geloof.

Vir sommige mense sal dit klink asof hier nou net met woorde gespeel word. Daarom moet 'n mens aandagtig luister na die twee stellings. Die vraag agter hierdie twee stellings is uiters belangrik. Die vraag is: Waar kom geloof vandaan?

Aangesien die Remonstrante meen dat geloof die rede en voorwaarde is waarom God sommige mense uitverkies het, is dit vir hulle heel logies om te sê dat geloof die mens se eie werk is. Die mense wat dus volgens die Remonstrante uitverkies is en enduit in die

geloof volhard het, het maar net beter gebruik gemaak van wat hy het as die mense wat nie uitverkies is nie.

Luister wat die waarheid egter is. Daar is geen rede waarom God enige mens behoort uit te kies nie. Alle mense is skuldige sondears in wie daar niks goeds is nie, nie eers die begeerte om te wil glo nie. Geloof is egter 'n genadegawe wat God deur sy Heilige Gees aan diegene skenk wat Hy uitverkies het. Daarom is die uitverkiesing nie die gevolg van die mens se geloof nie, maar wel die oorsaak en bron van die mens se geloof. Omdat God 'n ewige en onveranderlike besluit geneem het om 'n sekere aantal mense uit te kies, maak Hy hierdie uitverkorenes se harte ontvanklik. Dit maak nie saak hoe hard hulle harte ook al mag wees nie, God buig hulle om tot geloof.

Uiteindelik kom dit daarop neer: Wie ontvang die eer dat 'n mens salig word? Volgens die Remonstrante se redenasie is dit uiteindelik die mens wat die eer moet ontvang. Dan het ons uiteindelik weer te doen met die valse godsdiens waarmee alle valse leraars te koop loop. Die mens sorg ten volle of gedeeltelik vir sy eie verlossing omdat God volgens hulle kwansuis nie alles kan doen nie.

Die waarheid is egter dat God alles doen.

Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlijkheid tot in ewigheid. (Romeine 11:36 AFR53)

Geloof is die geskenk as gevolg van God se uitverkiesing sodat die uitverkorene kan aanvaar dat Christus uit genade alles vir hom gedoen het.

Amen!

Slotgebed

Psalm 146:1, 8 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die Heer.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die Heer!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 18-6:1, 5

- 1 Ek sien 'n nuwe hemel kom, / 'n aarde nuut en vry.
Die see en al wat skei, verdwyn. / God self kom by ons bly.
- 5 Oorwinnaars sal ons alles erf / en drink uit die fontein
van lewenswater, heerlik rein. / En God sal oor ons skyn.